Geloofsverklaring van die Wêreldwye Gereformeerde Gemeenskap (WGG)

I Leerstellings oor God

1. Die identiteit van die Skepper

Ons glo in een God, wat Skepper, Onderhouer en Regeerder is van alles wat bestaan. Deur sy ewige verordeninge het Hy die heelal daargestel en regeer daaroor volgens sy soewereine wil. Daar bestaan geen wese groter as Hy nie en geen wese het die mag om sy soewereiniteit oor sy skepping te beïnvloed, te verander of te verminder nie.

2. Die Skepper en sy maaksels

God maak sy teenwoordigheid en mag aan al sy maaksels bekend, maar in besonder aan die mens wat Hy na sy beeld geskape het - man sowel as vrou. Grondliggend is daar ‘n eenderse gelykheid by man en vrou, maar tog ook met verskille sodat die roeping van die man en die vrou nie verwisselbaar is nie, maar wel aanvullend. Alhoewel God nie geslagtelik onderskeibaar is nie, openbaar Hy Hom aan die mens in wesenlik manlike terme en word sy Seun as man gebore.

3. Die selfopenbaring van God aan mense

God is ‘n persoonlike wese en openbaar Hom in persoonlike terme. In die antieke tyd het Hy met baie verskillende mense op baie verskillende maniere gepraat. Sy woorde en beloftes het gepaard gegaan met dade as tekens van sy mag. Wanneer hy met mense gepraat het, het hy Homself en sy doel aan hulle geopenbaar met die verwagting dat hulle sy opdragte en wat dit vereis het, gehoorsaam sou uitvoer.

Die gewone lewensorde getuig van die bestaan, mag en glorie van sy Goddelike Skepper. Niemand het enige verontskuldiging om nie in Hom te glo nie. Die *algemene openbaring* is die term wat gebruik word vir die manier waarop God Hom sonder uitsondering, aan alle mense openbaar - in die natuur, die geskiedenis en deur die mens se gewete. Die algemene openbaring is voldoende om die mens bewus te maak van die bestaan en mag van God en selfs van die mens se verantwoordelikheid teenoor Hom. Die algemene openbaring is egter onvoldoende om die mens tot redding te bring. ‘n *Besondere openbaring* is nodig omdat die mens as gevalle maaksel, geestelik blind en geestelik dood is. Ware kennis van God kan slegs ontkiem wanneer God die mens in staat stel om die waarheid van sy openbaring te kan sien en te kan verstaan.

Omdat die mens na die beeld van dié persoonlike God geskep is, is God, sowel as die mens, persoonlik betrokke. Albei dink en kommunikeer met mekaar op maniere wat deur mensetaal uitgedruk kan word. Omdat hierdie band bestaan, kan die mens tot kennis kom van die sigbare en die onsigbare werklikheid. Deur die onsigbare werklikheid kan die mens tot insigte kom wat hy kan toepas om die sigbare werklikheid te omskep en te ontwikkel. As deel van die sigbare werklikheid leef die mens in interafhanklikheid met die res van die fisiese skepping, en aangesien die mens na die beeld van God geskep is, bestaan daar by die mens ‘n bewussyn van sy status. Die mens is in staat om na betekenis in die geskape orde te soek, sowel as om daaroor beheer uit te oefen.

Menslike kennis is persoonlik en strek vanaf die vermoë om feitelike gegewens te verkry en stelselmatig te orden, tot by die vermoë om dit te ontleed om tot begrip te kom van die betekenis en doel van die verworwe kennis. Op grond hiervan het die mens ‘n verantwoordelikheid teenoor die skepping wat aan hom toevertrou is. Die mens moet aan God rekenskap gee oor die manier hoe met die skepping omgegaan is. Menslike kennis word objektief beperk deur die verganklikheid van die mens; subjektief word dit beperk deur die mens se verwerping van God wat tot die toestand van totale sondigheid gelei het. Die objektiewe vermoë van die mens om kennis en begrip te verkry, bly deel van die mens ten spyte van die sondeval. Die gevolg daarvan is egter so ingrypend dat dit vir enige mens of gemeenskap onmoontlik is om sy skeppingsopdrag uit te voer soos wat God dit oorspronklik bedoel het.

4. God se openbaring aan sy verbondsvolk

God maak hom meer volkome en meer volledig bekend aan sy verbondsvolk, met wie hy ‘n besondere verhouding gehad het. God openbaar Hom aan hulle deur sy Gees en deur sy Woord; sy Woord wat lewe (in Jesus Christus), wat geskryf is (in die Bybel) en wat gepraat word (deur prediking).

God se selfopenbaring in die Ou en Nuwe Testament is waar en voldoende sodat die mens Hom kan ken, liefhê en dien. Ten spyte hiervan kan kennis van God nie heeltemal volledig wees nie, aangesien daar baie is wat ons nie van God weet nie. Sommige dinge word aan die mens bekend deur iets te beleef, maar wat dan nie ten volle in mensetaal uitgedruk kan word nie. Dikwels is God se wese so anders as enige van sy maaksels, dat net oor Hom gepraat kan word deur te sê wat Hy nié is nie: Hy is onsigbaar, onsterflik, fisies en verstandelik onbegryplik. Tog het God kenmerke wat ons wel kan herken en kan verwoord: hierdie kenmerke is in die alles-oortreffende trap: Hy is alwetend, alwys en almagtig. Hierdie kenmerke is wel herkenbaar, maar dit kan nie binne ons beperkte menslike verstand en logika ten volle omskryf word nie. Dit kan slegs waarlik geken en verstaan word deur ‘n persoonlike verhouding met God; ’n verhouding wat God moontlik gemaak het deur geloof in die Here Jesus Christus.

God het op ‘n besondere manier met Abraham gepraat. Aan hom het hy die belofte gemaak dat hy die vader van ‘n groot nasie sal wees, dat hy ’n land in besit sal neem en dat hy tot seën van die hele wêreld sal wees. God herhaal hierdie beloftes aan Abraham se seun, Isak, en sy kleinseun, Jakob, aan wie die naam, Israel, gegee is. Deur Jakob se nageslag het die volk, Israel, ‘n besondere nasie geword; ’n nasie wat bestem was om die Woord van God te ontvang, aan die hele wêreld oor te dra en die wêreld voor te berei op die koms van ‘n Goddelike Verlosser. Die Woord is aan uitverkore dienaars gegee, en dit het behoue gebly in tekste wat bekend is as die Hebreeuse Bybel, of Ou Testament. Dit wat in die Ou Testament belowe is en net skadubeelde was van dit wat sou kom, is uiteindelik in Christus vervul. Hoewel baie van die voorskrifte in die Ou Testament oorbodig geword het soos die tempeldiens en diereoffers, is die geestelike beginsels verbonde aan die voorskrifte, nie afgeskaf nie. Dit bly geldig vir Christene wat deur die gemeenskaplike geloof deur Abraham verenig is met die volk Israel. Christene vorm ’n familie - die koninkryk van God - wat strek tot aan die uithoeke van die wêreld. Prediking van die Christelike evangelie bring seën aan almal wat dit hoor en glo.

Etniese Jode wat Christus nie aangeneem het nie, deel nie in die seën wat aan hulle voorvaders belowe is nie. Nogtans beklee die Jode ‘n besondere plek in die plan en doel van God. Dit sal aan die

einde tyd geopenbaar word. Die Kerk staan dus onder die verpligting om die boodskap van Jesus as Messias, Verlosser en Here, aan die Jode mee te deel. Hulle inlywing by die Kerk van Christus geskied op dieselfde basis as vir nie-Jode.

5. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees is ‘n Drie-eenheid van gelyke persone

In Jesus Christus openbaar God Homself as Drie-eenheid. Dit maak die Christelike geloof uniek onder die monoteïstiese godsdienste van die wêreld. God is nie ’n eensame enkeling nie, maar ‘n Drie-eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees wat vir ewig in persoonlike gemeenskap verkeer. Dit is as gevolg hiervan dat die mens wat na God se beeld geskape is, begrip het van eie identiteit en van ‘n verhouding met God en ander mense. Die individuele eiesoortigheid as inherente deel van persoonlike identiteit - hetsy menslik of Goddelik – is geleë in die onderskeid van die drie Godspersone wat ewig in een God bly bestaan.

Die Vader, Seun en Heilige Gees is al drie gelykwaardig en ten volle God. Hulle is nie God deur afleiding, oordrag of oorerwing van God of enigiemand anders nie. Hulle deel in ‘n gemeenskaplike Goddelike natuur en omdat daar net een God is, is dit onaanvaarbaar om te beweer dat mens een van die drie Persone ken, maar nie die ander nie. Elkeen van die Goddelike Persone se verhouding tot mekaar spreek van eiesoortigheid, maar terselfdertyd is een gemeenskaplike faktor kenmerkend, naamlik liefde. Omdat die Vader die Seun liefhet, het Hy Hom alle mag gegee in die hemel en op aarde. Omdat die Seun die Vader liefhet, het Hy Hom vrywillig vir die mens geoffer, sodat die mens saam met Hom in die hemel kan leef soos sy Vader dit wil hê. Omdat die Heilige Gees die Vader en die Seun liefhet, het Hy na die aarde toe gekom, nie om in die eerste plek oor Homself te praat nie, maar om oor Hulle te getuig, en daardeur Hulle gemeenskaplikheid aan die mens oor te dra. Omdat elke persoon na die beeld van God geskape is, kan God se liefde ervaar word, kan ’n liefdevolle verhouding met God bestaan en kan hierdie liefde in alle persoonlike verhoudings na vore kom.

6. In die Ou Testament praat God in die Persoon van die Vader

In die Ou Testament praat God as een Persoon. Die een Persoon word in die Nuwe Testament met God, die Vader van Jesus Christus, vereenselwig. Die term, *Vader*, was nie gebruiklik in Israel nie. Dit is duidelik dat God in die Ou Testament soewerein en onsienlik is, wat ten volle ooreenstem met die Persoon van die Vader wat Jesus aan ons geopenbaar het. Die Vader is die Een wie se wil Jesus (as Seun) gehoorsaam en vervul het. God die Vader is ook die een Persoon van die Drie-eenheid wat te alle tye permanent onsigbaar en transendent bly. In die Ou Testament word die Seun en die Heilige Gees nie uitvoerig beskryf nie, maar hulle is ewig teenwoordig in God en deel ten volle in al sy handelinge, veral in die grootse skeppingswerk. Daar is baie verwysings na die Persoon en werk van die beloofde Messias, sowel as na die werk van God se Gees onder sy verbondsvolk en in die groter wêreld.

7. God openbaar hom ten volle en finaal in Jesus Christus

God het ten volle en finaal in Jesus Christus gespreek; Hý wat die Ou Testamentiese verbond met Israel en met al sy uitverkorenes, vervul het. Hy is Profeet en Woord, Priester en Offer, Koning en Koninkryk. Geen verdere openbaring van God is nodig nie, want Hy is self God in die vlees. In Jesus Christus het God Hom geopenbaar as die Seun, wat die eerste persoon van die Drie-eenheid, sy Vader noem. Hy belowe om na sy heengaan ‘n *ander Trooster* te stuur. Die Skrif noem die *Trooster*

die Heilige Gees. Dit is uit die onderrig van Christus dus duidelik dat daar drie persone in die een God is.

8. God openbaar Hom in ‘n taal wat ons kan verstaan

Omdat God Hom verwerdig het om mensetaal te gebruik, en omdat die Persoon van die Seun mens geword het, is dit moontlik om oor Hom in menslike terme te praat. Die eerste dissipels kon Jesus se fisiese voorkoms beskryf het, maar hulle het dit nie gedoen nie. In die Nuwe Testament is daar geen spesifieke aansporing om prente of beelde van Jesus te maak nie; nóg as hulpmiddels in die erediens, nóg as herinnering aan sy lewe op aarde. Geen prent of beeld of dramatiese uitbeelding van Jesus het op sigself enige gesag nie. Dit mag nooit voorwerpe van aanbidding of verering word nie, alhoewel dit op ander maniere wel nuttig kan wees.

II Boosheid en sonde

1. Die oorsprong van boosheid

God het die totale heelal baie goed gemaak. God is nie die skepper van boosheid nie en sy heiligheid word nie deur die bestaan daarvan aangetas nie. Boosheid het ontstaan toe Satan en party ander engele teen God in opstand gekom het. Dit is skynbaar hoogmoed wat die wortel van hulle val was. Hulle het die werk van God teëgestaan en probeer om sy doel te verydel. Ten spyte hiervan bly God soewerein oor die bose magte en Hy gebruik hulle handelinge om sy verlossingsplan te bevorder. Duiwels behoort op geen manier aanbid of gedien te word nie. Hulle aktiwiteite is deel van valse godsdienste en Satan verblind die mens se verstand vir die waarheid.

2. Boosheid en die mens

Boosheid het die menslike lewe binnegedring deur die ongehoorsaamheid van die eerste mense in die tuin van Eden. Adam is die voorvader van die mensdom. Elke mens lei daarom onder die gevolge van sy sonde; sonde wat ‘n ontaarde wêreld en liggaamlike dood insluit. Adam en Eva het hulle in onderhorigheid aan die Satan in die plek van God gestel. Die toegewing aan die versoeking om soos God te wou wees, het verreikende gevolge gehad. Deurdat God beroof is van die eer wat Hom toekom, het dit gelei tot die uitwissing van verskeidenheid wat deur Hom daargestel is. Dit behels oortreding op God se gebied, die opheffing van geslagsverskille soos God dit verordineer het, asook verwarring tussen mense, sowel as by diere. Deur dit wat goed is te misbruik, het chaos, spanning en lyding deel geword van die menslike bestaan.

3. Die gevolge van die sonde in die lewe van die mens

Die mens snoer sy kragte saam met die bonatuurlike bose magte wat afskuwelike booshede daarstel: volksmoord, die misbruik van mag, wêreldoorloë, dade van terrorisme, psigopatiese moorde, mensehandel, dwelmmisbruik en geweld van allerlei aard. Sonder om die belang van mense te onderskat en te ondermyn, word sodanige verregaande dade van boosheid deur die demoniese magte gepropageer en daargestel. Die gevolg is dat mense onderling verdeeld kan raak en vernietig kan word. In hulle dade en gedagtes kan selfs tot vlakke laer as diere gedaal word. Boosheid is nie net daarop gerig om die skepping en die beeld van God in die nageslag van Adam en Eva te vernietig nie; dit is ook gerig op die onderdrukking van die Kerk en die waarheid omtrent God. Hoewel bose geeste nie kan vermeerder nie en ook nie deur die mens vernietig kan word nie, word ons nogtans geroep om weerstand te bied teen boosheid, onreg, onderdrukking en geweld. Die bose geeste

wend boosheid vir hulle doel aan, terwyl ons wag en bid vir die wederkoms van Jesus Christus wat ‘n einde aan al hierdie dinge sal maak.

4. Die alomvattendheid van sonde en die gevolg daarvan

In Adam sterf almal en het die dood tot elkeen deurgedring, omdat almal gesondig het. Die hele menslike geslag word deur die sondeval en die gevolge daarvan geraak: sonde, vervreemding, geweld, oorlog, siekte, lyding en dood. Geestelik gesproke is alle mense dood, omdat hulle in opstand is teenoor God en daarom aan sy seën ontbreek. Hoewel die gevalle mens baie waarhede kan ontdek, ontbreek hulle aan die raamwerk wat nodig is om die aspekte van God se waarheid te verstaan. As sondaars weier die mens om die gevolge van die waarheid wat hulle wel het, te aanvaar. In plaas van aanvaarding, onderdruk die mens dit deur hulle boosheid. Die liggaamlike dood is ook in die mens werksaam tot die mens uiteindelik terugkeer tot die stof waaruit hulle gemaak is. Indien God nie in sy genade ingryp nie, sal die mens se geestelike dood oorgaan in die ewige dood.

III Die Persoon en werk van Christus

1. Die heerlikheid van Christus

Die kern van die Christendom is die Persoon, Jesus Christus. Sy heerlikheid en grootheid is sodanig dat dit nie alleen die plig nie, maar ook ‘n begeerte van elke gelowige is om Hom te aanbid en te verheerlik.

2. Die vleesgeworde Seun van God is ‘n een Goddelike Persoon met twee nature

Die Seun van God as Goddelike tweede Persoon van die Drie-eenheid, het in die skoot van die maagd Maria, ‘n volkome menslike natuur aangeneem en is as die mens, Jesus van Nasaret, gebore. Hy het dus twee nature: een Goddelik en een menslik. Elke natuur bly volkome en onderskeibaar, maar terselfdertyd ook verenig in en deur sy Goddelike Persoon. Aangesien sy Goddelike natuur, wat Hy met die Vader en die Heilige Gees deel, nie kan ly of sterf nie, moes die Seun die menslike natuur aanneem, sodat Hy die straf op die menslike sonde kon betaal en daardeur versoening met God bewerkstellig. Aan die kruis het die Persoon van die Seun in sy twee nature, gely en gesterf.

3. Die vleesgeworde Seun van God is ‘n ware mens

Die Seun van God het ’n ware mens geword in die vleesgeworde Jesus van Nasaret. Hy het ‘n ware menslike bewussyn, verstand en wil gehad, terwyl Hy sy Goddelike natuur behou het. Net soos enige ander mens is Hy aan versoeking blootgestel, maar Hy het nie gesondig nie.

4. Die vleesgeworde Seun van God was volkome in staat om ons met sy Vader te versoen

Die mens Jesus Christus, was in staat om ons plek aan die kruis in te neem en die skuld vir ons sonde te betaal; nie omdat Hy enige natuurlike of objektiewe meerderwaardigheid oor ons gehad het nie, maar omdat Hy volkome gehoorsaam was aan die Vader en daarom heeltemaal sonder sonde was. Omdat Hy vir ons sonde geword het, kon Hy ons skuld voor God betaal, sonder om enige skuld aan te gaan waardeur Hy Hom van die Vader kon vervreem. Die versoeningswerk van Christus het die verlossing van almal wat van voor die grondlegging van die aarde in Hom verkies is, verseker.

5. Die natuur van die opgestane liggaam van Christus

Na twee dae in die graf het Jesus van Nasaret met ‘n veranderde, maar met steeds ‘n herkenbare menslike natuur, uit die dood opgestaan. Sy opgestane liggaam was in staat om bo die natuurlike, fisiese wette uit te gaan, maar om tog sy eie fisiese eienskappe te behou. Met sy hemelvaart is hierdie liggaam verder omskep tot die hemelse staat waarin Hy opgeneem is en steeds verkeer. Mense sal opgewek word, maar nie soos Jesus op die eerste Paasoggend opgewek is nie, wel soos Hy nou in sy verhewe staat verkeer.

IV Die Persoon en werk van die Heilige Gees

1. Die Heilige Gees as ‘n Persoon in die Drie-eenheid

Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun deel van en betrokke by die skeppingswerk en verlossingswerk. In besonder is die vleesgeworde Seun deur die Heilige Gees verwek, met die Heilige Gees gesalf en deur die Heilige Gees bemagtig om sy werk openlik op aarde te doen.

2. Die werk van die Heilige Gees in verlossing

Die Heilige Gees pas die verlossingswerk van die Seun toe in individuele gelowiges en verenig hulle met Christus, hulle Hoof, asook met mekaar. Hy is die Middelaar by die aanneming van gelowiges in die huisgesin van God. Hy gee hulle die innerlike versekering dat hulle deur die soewereine mag van God uitverkies is. Hy help, leer, rig en lei gelowiges volgens God se geopenbaarde wil en aard. Hy heilig gelowiges deur die vrug van die Gees in hulle voort te bring en Hy bid onophoudelik vir hulle tot die Vader.

3. Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster

Die koms van die Heilige Gees op Pinkster was die begin van God se nuwe werk in die lewe van gelowiges. Dit het gelei tot die vestiging van die Christelike Kerk. Die buitengewone gawes waardeur God Hom geopenbaar het en wat met die grondlegging van die Kerk gepaard gegaan het, was unieke tekens van die begin van die Messiaanse tydvak. Die buitengewone gawes mag nie outomaties toegeëien of vereis word as beslissende bewys vir die mag van God wat vandag aan die werk is nie. Vir die voortgang en vir die verskeidenheid gawes van die Heilige Gees moet in nederigheid volgens sy wil, gesoek word, om God daardeur te verheerlik en tot die gemeenskaplike voordeel van die Kerk.

4. Die Heilige en geestelike herlewing

Die krag van die Heilige Gees manifesteer steeds op besondere maniere tydens geestelike herlewing wat van tyd tot tyd in die lewe van die Kerk voorkom. Hierdie tye van ontwaking en geestelike verfrissing bevorder die uitbreiding van die koninkryk van God, deurdat die mens meer bewus word van hulle sonde en hulle op ‘n nuwe en dieper manier tot Christus bekeer. Gedurende sulke tye word gelowiges aan die teenwoordigheid van die Heilige Gees herinner, omdat hulle meer bewus word van sy werk in hulle lewe en van sy gawes aan hulle. Geestelike herlewing deur hervorming is besonder doeltreffend om God se volk na Hom toe terug te bring; die Kerk wat steeds geneig is om van Hom af weg te dwaal. Al is die werk van die Heilige Gees duidelik sigbaar in tye van geestelike herlewing, is die Gees te alle tye altyd teenwoordig in die Kerk. Gelowiges moet altyd reikhalsend om sy vrug en om sy gawes bid.

5. **Die Heilige Gees en geestelike oorlogvoering**

Die Heilige Gees beveg Satan en sy bose geeste aktief en beskerm gelowiges teen hulle. Die Heilige Gees bevry mense – man en vrou - van duiwelse onderdrukking en besetting. Hy rus hulle toe met die geestelike wapentuig wat hulle nodig het om weerstand te bied teen die mag van die duiwel. Die Bybel verbied gelowiges om hulle met die magte van die duisternis en hulle werk te bemoei.

V. God se verlossingswerk

1. Algemene genade

God betoon algemene genade teenoor alle mense, sowel as besondere genade waardeur mense tot verlossing kom. Deur sy algemene genade word die sonde in bedwang gehou; sondige mense ontvang seën van God en word in staat gestel om goeie dinge te doen. Hierdie algemene genade voorsien ‘n basis vir die menslike samelewing en maak werk in wetenskap en kuns moontlik. Dit is die Heilige Gees wat hierdie werk moontlik maak; kulturele vooruitgang en die beskawing is dus goeie gawes van God. Hy maak dit moontlik ten spyte van die mens se sondeval.

2. Die roeping en verkiesing deur God

God roep die mens om sy sonde te bely en in Hom te glo. Niemand kan bevestigend op hierdie roeping reageer sonder die werk van die Heilige Gees nie. Alhoewel baie mense die boodskap hoor, dit direk in die Bybel lees of indirek in Christelike lektuur teëkom, is hierdie mense nie almal uitverkies nie. Eerder as om die hele menslike geslag aan hulle gevalle lot oor te laat, het God in sy soewereiniteit en genade, party mense tot die ewige lewe verkies. Net diegene wie se hart en verstand deur die Heilige Gees verlig is, is in staat om die beloofde gawes van sondevergifnis en versoening met God, te aanvaar.

3. Die aard van die wedergeboorte

Die dooie sondaar ontvang van God die lewe deur die werking van die Heilige Gees. Die inplanting van hierdie nuwe lewe lei tot ‘n nuwe ingesteldheid teenoor God en sy geregtigheid. Net die Heilige Gees kan hierdie bekering wat tot heiligmaking lei, voortbring. Niemand sal daarsonder God sien nie. Hoewel hierdie vernuwing karakterverandering bewerkstellig, is Christene unieke mense, want terwyl hulle almal die Heilige Gees besit, is elkeen tog anders. Wat hulle gemeenskaplik besit, is die inplanting van die nuwe lewe, wat beteken dat hulle nou in ’n onlosmaaklike geestelike eenheid met Christus verenig is. Die Nuwe Testament sê dat Christene *in Christus* is en dat *hulle erfgename van God en mede-erfgename saam met Christus is.* Omdat hulle só met Christus verenig is – Christus, in wie alle skatte van wysheid en kennis is - is hulle volkome in Hom. Alle Christen-gelowiges het die Gees van Christus en omdat hulle met Christus verenig is, beteken dit dat hulle ook in ‘n wesenlike verhouding met mekaar staan. Hulle deel in ‘n gemeenskaplike verlossing en het gemeenskaplike doewitte en verwagtings.

4. Die uitwerking van die wedergeboorte

God se werk in die wedergeboorte hoef nie herhaal te word nie. Deurdat hulle deur God regverdig verklaar is, vertoon Christene die verandering in status deur ’n verandering in hulle geestelike staat. Bekering kenmerk die bewuste begin van ‘n nuwe lewe waarin gelowiges probeer om in ooreenstemming met hulle nuwe natuur te leef. Hulle liefdevolle toewyding is gerig op geestelike en ewige sake. Die hart van die nuwe lewe is skuldbelydenis en geloof wat vervleg is en tot uitdrukking kom deur bekering.

5. Geloof

Die genade om te glo is ‘n gawe van God. Geloof is die daad wat bewys dat die seëninge van verlossing ontvang is deur persoonlike vertroue in en toewyding aan Christus, die Verlosser. Hierdie geloof is die instrument waardeur die Goddelike openbaring en al die beloofde seëninge toegeëien, ontvang en geniet word. Geloof is die oortuiging dat die boodskap van die Bybel waar is en dat persoonlike toeëiening van Christus se verdienste en sy werk, noodsaaklik is. Ware geloof fokus op Jesus Christus; Hy word as Redder omhels en deur die oorgegewe daad word volkome redding alleen van Hom verwag.

6. Regverdigmaking (Vryspraak)

Regverdigmaking is die handeling van God wat volg op die roeping deur die Heilige Gees en die sondaar se daaropvolgende skuldbelydenis en geloof: *die wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek.* Deur regverdigmaking verklaar God dat sondaars se saak volgens Hom reggestel is. Hy verklaar hulle regverdig en dat hulle sondes vergewe is en reken die geregtigheid van Christus hulle toe. Hierdie regverdiging is nie ‘n skuiwer van God om sondaars regverdig te verklaar, terwyl hulle eintlik nog skuldig is nie. Regverdigmaking moet, om in ooreenstemming te wees met die heiligheid van God, ‘n verdienstelike basis hê. Ware geregtigheid voor God moet bestaan vóórdat Hy regverdigmaking verklaar. Sondaars word regverdig verklaar op grond van die geregtigheid deur ‘n ánder voorsien, naamlik die geregtigheid van Jesus Christus. God reken dit aan die bekeerde sondaar toe. Hierdie toerekening van Christus se geregtigheid is van die grootste belang vir die Christelike geloof.

7. Die geregtigheid van Christus as grondslag van ons vryspraak

Die geregtigheid van Christus omsluit sy lewe van volmaakte gehoorsaamheid aan elke gebod van die wet van God, asook sy dood aan die kruis waar Hy die heilige toorn van God oor al die sondes van alle mense gedra het. Hierdie werk is verseël deur sy triomfantelike opstanding. Gelowiges deel nou in dieselfde staat as Christus wat plaasvervangend aan al die eise van die wet van God voldoen het en die wet van God vervul het. Die grondslag van die sondaar se regverdigmaking is slegs die volmaakte geregtigheid van Christus.

8. Die harmonie tussen Paulus en Jakobus in hulle lering oor regverdigmaking

Daar is geen teenstrydigheid in die leer van Paulus en dié van Jakobus betreffende regverdigmaking nie. Paulus skryf oor regverdigmaking as vergewing en aanvaarding voor God; Jakobus benadruk dat indien hierdie regverdigmaking eg is, dit uit ‘n lewe van gehoorsaamheid sal blyk.

9. Die aanneming van gelowiges in Christus

Die plek van die Here Jesus Christus as ewige, ongeskape Seun van God, is uniek. Nogtans is Hy nie verleë om diegene wat Hy gered het, sy broers en susters te noem nie. Hierdie aangenome kinders van God is erfgename van die erfenis wat Christus vir hulle verseker het; die erfenis wat die volle seën van verlossing bevat. Hulle word beskryf as *erfgename van God en mede-erfgename saam met Christus.*

As kinders van God deel gelowiges in al die seëninge wat God vir sy huisgesin gee. Deur die innerlike getuienis van die Heilige Gees, erken en roep hulle God aan as Vader. Hulle is voorwerpe van God se liefde, van sy deernis en sorg in alle behoeftes. God se kinders het ook die voorreg om in Christus se lyding en in die daaropvolgende verheerliking, te deel. ‘n Verdere voorreg van die kinders van God - wat ‘n bewys is van hulle aanneming - is die belewing van God se Vaderlike tugtiging. Hulle weet verseker dat *God hulle as seuns behandel. Watter seun is daar immers wat nie deur sy vader getug word nie?* Die eenheid van God se kinders saam in een liggaam, is nog ‘n voorreg wat geniet word. Dit is ook ‘n verantwoordelikheid wat onderlinge liefde en diens vereis.

Die volle seën van aanneming kan nie geniet word voordat die glorieryke wederkoms van die Here Jesus Christus plaasvind nie. Aanneming het ‘n teenswoordige en ‘n eskatologiese dimensie. Laasgenoemde behels ‘n element van hoop: *Maar ook ons wat die Gees ontvang het as eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God bekend sal maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry*. *Ons is immers gered en ons het nou hierdie hoop.* Aanneming sal nie volkome wees vóórdat Christus met die mens se opstanding aan sy kinders nuwe liggame gee nie. Dan sal die gelowiges *die vryheid van die heerlikheid as kinders van God* saam met die hernude skepping geniet.

10. Heiligmaking as die werk van die Heilige Gees

Die Heilige Gees werk in die lewens van dié wat geregverdig en aangeneem is. Die Heilige Gees heilig en omvorm hulle na die beeld van Christus. God se werk in gelowiges behels die gewilligheid en daadwerklikheid om te doen wat Hy vereis. Aktiewe gehoorsaamheid aan die gebooie van God is

noodsaaklik. Heiligmaking vereis dat alles wat in die mens sondig is, uitgewis word, en om ‘n nuwe Godwelgevallige lewenswyse, gewoontes en gedagtes te ontwikkel.

11. Om Christelike volmaaktheid te bereik

Gedurende hierdie aardse lewe is geen gelowige heeltemal vry van sonde nie en die heiligmakingsproses vorder in verskillende grade. God se tugtiging dien ook heiligmaking vir sy liewe kinders. Die heiligmakingsproses sal deur die krag en genade van God voltooi word. By afsterwe is die gees van die gelowige volkome geheilig en die gelowige sal *een word met die geeste van die volmaakte regverdiges*. Met die opstanding sal die gelowige se liggaam deel in volmaaktheid; dit sal wees soos die verheerlikte liggaam van Christus. Uiteindelik sal elke gelowige die volle *beeld van die Seun van die mens* vertoon.

VI. Die Christelike lewe

1. Ware spiritualiteit

Christelike spiritualiteit is ‘n lewenslange proses van opregte, deurleefde aanbidding van en liefde vir God. Dit vind neerslag in die regte verhouding met die medemens. Christelike spiritualiteit is praktiese godvrugtigheid wat lei tot die voortdurende vernuwing na die beeld van Christus. Dit is nie selfgerig nie, soek nie na ‘n onpersoonlike mag nie, strewe nie na ’n mistieke staat van lewe of na enige alternatiewe bewussynstoestand nie. Dit is om in ‘n verbondsverhouding met God Drie-enig te groei, asook om toe te neem in gemeenskap met God se volk in die wêreld. Ware spiritualiteit is die gevolg van volgehoue, geestelike herlewing wat deur die Heilige Gees in stand gehou en beheer word.

2. Die middele waardeur ’n godvrugtige lewe verkry word

Die Heilige Gees bewerkstellig godvrugtigheid deur die Woord van God in ons harte en gedagtes te laat werk. Die Heilige Gees leer ons gehoorsaamheid en verenig ons deur die gemeenskap van alle gelowiges in ware aanbidding van God. Die Gees staan ons by in ons getuienis aan die wêreld, in beproewing en lyding en in konfrontasie met die bose.

3. Die uitvloeisel van ‘n godvrugtige lewe

Die gevolge van ’n godvrugtige lewe sluit in: veranderde harte, gedagtes, woorde en dade, gebedsgedrewenheid en ‘n lewe wat voortdurend in die beeld van Christus toeneem. Godvrugtigheid vertoon lewenslange selfverloëning, die daaglikse *opneem van jou kruis* en navolging van Christus deur die beoefening van liefde, geduld, vergewensgesindheid, goedheid, deernis en vriendelike welwillendheid teenoor almal, veral teenoor lede van die huisgesin van God. Dit behels voortdurende selfoorgawe aan God, waardeur onuitspreeklike blydskap beleef word, asook kinderlike vrees, onselfsugtige eerbied, brandende liefde, deernis, beheersde vrymoedigheid, gebalanseerde menslikheid, respek, ontsag, tevredenheid, kinderlike vertroue, gehoorsaamheid, onuitwisbare hoop en die vrede van God tydens beproewing, hartseer en pyn.

4. Geestelike belewenisse

‘n Godgerigte geestelike lewe ontvang geestelike belewing as ‘n gawe van die Heilige Gees. In ons strewe om nader aan die Drie-enige God te leef, word ons herinner dat ons altyd in sy teenwoordigheid is, ongeag waar ons ons mag bevind. Ons word daardeur gemotiveer om instrumente te wees van sy vernuwende genade - waar Hy ons in sy voorsienigheid ook al plaas. Die belewing van verbondseenheid met God is in hierdie lewe maar net ‘n voorsmakie van die heerlike gemeenskap met God in die toekomstige bedeling.

VII Die Heilige Skrif

1. Die Skrif het deur die Heilige Gees ontstaan

Die Skrif is deur God geïnspireer, aangesien dit geskryf is toe mense oor sake gepraat het soos hulle deur die Heilige Gees gelei is. Die Skrif is die Woord van God en dit is volkome betroubaar. Soos dit oorspronklik gegee is, is dit in alles wat dit verklaar, foutloos. Hierdie leerstelling word deur baie gereformeerde teoloë verwoord as die *onfeilbaarheid van die Bybel.* God het oor die skryf daarvan toesig gehou, sodat dit presies sou wees wat Hy daarmee bedoel het. Aangesien God besluit het om mense in die skryf van die Skrif te gebruik, is hulle menslikheid nie negeer nie en is die Skrif ook nie woordeliks aan hulle gedikteer nie. Die Skrif vertoon dus die persoonlike geskiedenis en die literêre styl van elke outeur, sowel as die kenmerke van die tydvak waarin hulle geskryf het. Die Skrif bly egter die Woord van God self.

2. Die Skrif word herken as die Woord van God deur die werk van die Heilige Gees

In die Skrif is daar baie puik aspekte wat tot ons spreek, maar dit is die Heilige Gees wat ons ten volle oortuig en verseker van die onfeilbaarheid en die Goddelike gesag van die Skrif. Dit is immers die Heilige Gees wat deur die Woord tot ons harte spreek. Dit is vir die Geesvervulde gelowige ‘n gegewe dat die Skrif die betroubare Woord van God is. Die Kerk het die Hebreeuse Bybel en die Griekse Nuwe Testament op hierdie wyse ontvang en is ook in staat gestel om dit as die gesaghebbende kanon te herken. Die Skrif kry nie sy gesag van die Kerk of van enige ander bron buiten God self nie.

3. Die Skrif word verstaan deur die werk van God die Heilige Gees

Die Skrif het ’n grondliggende duidelikheid, maar slegs die Christen-gelowige kan die geestelike betekenis en waarde daarvan ontvang en verstaan, omdat net gelowiges toegang het tot die Gees van Christus. Die mens se sondeval het die mens se gedagtes, wil en emosies beïnvloed. Die geestelike blindheid wat hierdeur ingetree het, het veroorsaak dat die mens nie in staat is om God, sonder die werk van die Heilige Gees, te verstaan nie. Wanneer die mens geroep en wedergebore word, begin die Heilige Gees die Skrif vir die mens oopmaak dat dit verstaan kan word. Die Heilige Gees openbaar in sy wysheid die ware betekenis van God se openbaring aan ons.

4. Die Heilige Gees gebruik die Skrif

God bring die mens - man en vrou - deur die prediking van sy Woord na Hom toe. Die Heilige Gees gebruik die prediking, onderrig en die bestudering van die Skrif om ons tot redding te bring deur geloof in Jesus Christus. Die Heilige Gees vernuwe ons verstand. Of die Skrif gepreek of gelees word,

dit het *groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek.* Die Skrif rus ons toe vir elke goeie werk, sodat ons bestaan van 'n Godgerigte lewenswyse kan getuig. Die Skrif voorsien dus die fondasie, dit bevestig jou geloof en dit bring jou geloof in ooreenstemming met die eise wat in die Skrif vervat is.

5. Die veronderstellings wat interpetasie van die Skrif bepaal

Die Skrif is die Woord van God en daarom is daar geen teenstrydighede daarin nie. Die lees, interpretasie, verstaan en toepassing van die Skrif, word deur verskillende grade en vlakke van vorige oortuigings en veronderstellings oor God en die Bybel, beïnvloed. Om die Skrif reg te verstaan, is dit nodig dat ons bewus sal wees van ons veronderstellings en om dit in die lig van die Skrif te toets. Deur dit te toets, kan die veronderstellings en interpretasies hervorm word dat dit met die Skrif ooreenstem. Aangesien die Bybel aanspraak maak op 'n Goddelike oorsprong en inspirasie, kan slegs maniere van interpretasie wat sodanige aansprake aanvaar, by die ware interpretasie van die Skrif uitkom.

6. Die duidelikheid van die Skrif

Die behoefte aan kundige bestudering van die Skrif in die oorspronklike tale, doen glad nie afbreuk aan die duidelikheid en gesag van die Skrif nie. Die waarhede wat nodig is vir verlossing, word so duidelik in die Skrif gestel, dat geskoolde en ongeskoolde lesers dit kan en moet verstaan. Die boodskap van die Skrif moet vertolk word in die lig van filosofieë en beskouings wat die opvattings van die Skrif uitdaag en weerspreek. Deur die Bybelse lewensbeskouing teen teenstanders te verdedig, word die duidelikheid vanuit die Skrif verkry, nie alleen deur teks met teks sorgvuldig te vergelyk nie, maar ook deur die teenoorgestelde betekenis te ondersoek.

7. **Die gewenste metodes van interpretasie**

Die Bybel is die Woord van God en daarom moet dit in nederige onderworpenheid en in gebed om verligting deur die Heilige Gees, gelees word. Aangesien die Bybel in mensetaal binne 'n bepaalde kulturele, sosiale en historiese konteks geskryf is, moet die betekenis daarvan gesoek word deur gebruik te maak van algemene interpretasiereëls en deur die hulp van verwante dissiplines soos argeologie, geskiedenis, tekskritiek en die studie van die oorspronklike tale. Al hierdie metodes moet met die Goddelike oorsprong en die onfeilbaarheid van die Skrif, sowel as die menslike aard, rekening hou.

8. Die betekenis van 'n Bybelteks

'n Bybelteks kan baie verskillende praktiese toepassings en betekenisse hê, maar die primêre betekenis word gewoonlik bepaal deur die omsigtige gebruik van historiese, grammatiese en openbaringshistoriese beginsels, soos in die vorige paragraaf uitgelig is. Allegoriese, geestelike en figuurlike interpretasies dra geen gesag nie, tensy dit deur die betrokke teks self na vore kom.

9. Die alomvattendheid van die waarheid en die toepassing daarvan

Die waarheid van God, soos dit in die Skrif geopenbaar is, is universeel en ewig en geldig vir alle kulture, mense en tye. Tog kan daar verskillende en onderskeibare toepassings van die waarheid wees. Om God se Woord in konteks te benader, behoort onderskei te word tussen Bybelse

beginsels, wat die ewige en universele openbaring van die waarheid van God behels, en die praktiese implikasies van beginsels wat binne verskillende kontekste kan verskil. Daar moet seker gemaak word dat, indien toepassings gemaak word, dit geldig, deeglik nagegaan en in so ’n mate aanvullend is, dat dit steeds die grondliggende onveranderlike beginsels bevat.

10. Die normatiewe aard van God se openbaring in na-Bybelse tye

Sedert die Nuwe-Testamentiese kanon afgerond is, is die Skrif die normatiewe manier waarop God met ons praat. Dit geskied deur die verligting van die Heilige Gees; die Heilige Gees wat in ons woon en die Vader en die Seun aan ons openbaar. Dié wat die stem van die Heilige Gees hoor, ontvang die erfenis wat in die Seun aan ons belowe is. Met die hulp van die Heilige Gees leef gelowiges volgens die wil van die Vader. Om dit te kan doen, leer en lei die Heilige Gees ons deur die Skrif wat ons op ons lewenspad leer, uitdaag en bemoedig. Aanvullend tot die Ou Testament, is die Nuwe Testament die openbaring wat aan die volgelinge van Christus gegee word, deur of met die goedkeuring van die twaalf dissipels. Hulle was getuies van sy opstanding en is deur Hom aangestel om die kerk te lei en te rig. Die tekste is deur die eerste Christene bymekaar gemaak en as ’n eenheid, bekend as die Nuwe Testament, gegroepeer. Hulle het ingesien dat dit die gesagsvolle Woord van God self is. Geen Christen-onderwyser of kerk het die reg om leerstellings wat nie in die Skrif opgeneem is nie, as waar voor te hou nie. Ook mag geen lering wat in die Skrif vervat is, so geïnterpreteer word dat dit teenstrydig is met wat God elders in die Skrif openbaar nie.

VIII. Die Kerk

1. Die wese van die Kerk

Die Kerk is die onsigbare gemeenskap van alle Christene (wat slegs aan God bekend is), maar dis ook die sigbare Kerk op aarde met sy talle gemeentes. Die Kerk is die geestelike en bonatuurlike liggaam van Christus, die Hoof van die Kerk. Elke Christen is met Christus verenig en deur God met alle ander Christene verbind. Op hierdie manier is die Kerk saamgestel. In die bestaan van die een heilige, algemene, apostoliese Kerk, is aanbidding van God, die gemeenskap van die heiliges, die Heilige Skrif, die sakramente en sending sentraal.

2. Die ampte in die Kerk

Die Skrif dui ‘n aantal ampte aan wat God op verskillende tye aan die Kerk gegee het: apostels, profete, ouderlinge, diakens en evangeliste. Vandag behoort daar in elke gemeente ouderlinge en diakens te wees. Die ouderlinge moet herders, opsieners en voorgangers wees, en party van hulle moet hulle toelê op onderrig en prediking. Diakens moet vir die armes en behoeftiges sorg. Hulle moet na die praktiese, finansiële en fisiese sake van die gemeente omsien. Net soos die ouderlinge, is dit ‘n geestelike roeping wat geestelike eienskappe vereis.

3. Aanbidding

Die primêre verantwoordelikheid van die Kerk is om God te aanbid. Die aard en inhoud hiervan is deur God self bepaal soos dit in die Skrif geopenbaar is. Aanbidding behels die sing van lofliedere, gebede en die lees en prediking van die Skrif.

4. Die outonomie van die plaaslike gemeente

Elke gemeente het ‘n mate van soewereiniteit onder leiding van die regeeramp van die ouderlinge, maar daar is ook wyer eenheid met alle ander gemeentes. Hierdie verbondenheid het op verskillende tye, op verskillende maniere, in verskillende aspekte van die Kerk, gestalte gekry.

5. Die Sakramente

‘n Sakrament is die uiterlike, sigbare teken van innerlike geestelike genade. Dit is deur Christus ingestel en dit is deel van die werk van Christus. Protestantse kerke erken slegs twee sakramente, naamlik die Doop en die Nagmaal. Hierdie sakramente word dikwels verbind met die twee sakramente van die Ou Testamentiese Kerk, naamlik die Besnydenis en die Pasga. Die Doop is ‘n inlywingseremonie om deel te word van die Christelike Kerk. Dit word met water bedien. Die Nagmaal wys heen na die kruisdood van Christus. Brood en wyn word gebruik as simbole van die liggaam en bloed van Christus. Christene ervaar hierdeur geloofsversterking, geestelike voeding en onderlinge gemeenskap met mekaar in Christus, terwyl hulle terselfdertyd die dood van Christus verkondig tot Hy weer kom.

IX Tradisie

1. Die bestaan en geldigheid van apostoliese tradisies

Elke Christelike kerk lewe volgens die geloofsriglyne wat oorgeërf is vanaf die apostoliese tyd. Die Skrif is die enigste ware rigsnoer waaraan alle ander gelowe en gebruike gemeet word. Die apostoliese kerke het sonder twyfel gebruike gehad wat nie in die Skrif aangeteken of voorgeskryf is nie. Sodanige tradisies is nie bindend vir latere Christene nie. Hoewel dit wel moontlik is dat verlore apostoliese geskrifte nog ontdek kan word, sal dit nie as deel van die Bybel aanvaar word nie, omdat dit nie vanaf apostoliese tye deel van die rigsnoer was nie.

2. Die gesag van belydenisskrifte

In die verloop van die kerkgeskiedenis het die Kerk verskillende geloofsbelydenisse aanvaar om die Skrif daardeur toe te lig. Hierdie dokumente en ander soortgelyke besluite van kerklike liggame het gesag wat verkry is deur dié wat dit aanvaar het. Die gesag moet ook deur latere geslagte aanvaar en gerespekteer word. Dit is egter nie onfeilbaar nie. Waar aangetoon kan word dat dit nie in ooreenstemming met die Skrif is nie, of dat die betrokke leerstelling beter uitgedruk kan word, staan dit die Kerk vry om dit dienooreenkomstig te wysig.

3. Die hervormers se reaksie op oorgeërfde tradisies

Die sestiende eeu se hervormers het die Kerk se tradisies deeglik hersien. Die oortuigings en gebruike wat duidelik strydig was met die Skrif, is verwerp. Party hervormers het selfs tradisies wat nie deur die Skrif ondersteun is nie, afgekeur, selfs al was dit nie noodwendig strydig met die Skrif nie. ‘n Voorbeeld hiervan is die viering van Kersfees op 25 Desember. Dit het geen Bybelse gronde nie, maar getuig wel deeglik van die vleeswording van Christus. Tradisies soos hierdie mag deur die

Kerk behou, gewysig of mee weggedoen word, op voorwaarde dat geen Bybelse leerstelling hierdeur in gedrang kom nie.

4. Vorme van erediens en kerkregering

Elke gemeente het met verloop van tyd sy eie erediensvorm en manier van kerkregering ontwikkel, wat in eie reg ’n tradisie geword het. Solank hierdie praktyke nie teen die Skrif indruis nie, en die doel bereik waarvoor dit oorspronklik ingestel is, is daar geen rede waarom dit nie behou mag word nie. Elke plaaslike gemeente het nogtans die reg om tradisies te wysig, indien dit nodig geag word. Dit geld veral vir gemeentes wat deur buitelandse sendingwerk ontstaan het, en sodoende gebruike het wat nie maklik as die gemeentelede se eie toegeëien kan word nie. Sodanige gemeentes het ‘n besondere verantwoordelikheid om die oorgelewerde gebruike aan die Skrif te toets. Hulle word ook aangemoedig om aanpassing aan te bring, waardeur die evangelie binne hulle eie omstandighede beter verkondig kan word. Tog behoort geen gemeente enige tradisie of praktyk te verwerp, te wysig of nuwe aanpassings te aanvaar, sonder om die uitwerking daarvan op die getuienis van die hele Christelike gemeenskap in ag te neem nie.

5. Die wenslikheid om sekere tradisies te behou

Party tradisies is so diep gewortel en algemeen in die Christelike wêreld dat die wysiging daarvan niks sal goeds sal bereik nie. Dit mag selfs lei tot ‘n ongewenste verdeling binne die Kerk. ‘n Voorbeeld van so ‘n gebruik is die erediens op Sondag. Hoewel dit reeds in die vroeë kerk die gebruik was, is daar in die Nuwe Testament geen voorskrif hieroor nie. Daar is egter omstandighede waar Christene, byvoorbeeld in sekere Moslemlande, dit meer geleë mag vind om op ‘n ander dag van die week eredieste te hou. Geen kerk behoort egter sonder meer afstand te doen van Sondag se eredienste, bloot omdat die Skrif dit nie vereis nie. In sulke gevalle behoort die sigbare eenheid van die Christenwêreld behou te word, solank geen teologiese beginsel daardeur aangetas word nie.

X. Sending en Evangelisasie

1. Ons roeping om met woord en daad God se getuies te wees

Ons sendingopdrag in die wêreld spruit voort uit ons passie om God se eer en uit ons sekerheid van die wederkoms. Die Kerk, as volk van Christus, is God se instrument vir die verkondiging van die evangelie. Evangelisasie is om met woord en daad die blye boodskap van Jesus Christus te verkondig. Christus het vir ons sonde gesterf, is opgewek volgens die Skrifte en skenk as Here sondevergifnis, die ewige lewe en die gawes van die Heilige Gees aan almal wat hulle bekeer en glo. Uit gehoorsaamheid aan die opdrag van God moet ons met twee hande na alle mense toe uitreik: (1) die hand wat hulle roep om hulle sonde te bely, om te glo en so ewige versoening met God, deur Christus, te verkry, en (2) die hand wat van genade en deernis getuig en sodoende die goedheid van God se koninkryk op aarde, in die naam van Christus, sigbaar maak. Dit is die voorbeeld wat Christus selfs gestel het. Daardeur bewys ons dat ons na die beeld van Christus herskep is, en dat ons die Heilige Gees, as eerste vrug en as waarborg van God se nuwe skepping, ontvang het.

2. Die reikwydte van ons sendingopdrag

Ons verkondiging van die evangelie het maatskaplike implikasies, omdat ons mense oproep tot liefde en inkeer op elke lewensterrein. Net so het ons maatskaplike betrokkenheid ’n evangeliserende impak, omdat ons daardeur van Jesus Christus se herskeppende genade getuig. As ons ons rug op die wêreld draai, versaak ons die opdrag waardeur ons gestuur word om die wêreld tot diens te wees. As ons die opdrag nie uitvoer nie, het ons niks om die wêreld te bied nie. Ons gehoorsaamheid aan God wakker ons ywer vir sending aan, en vertrou God ten volle daarin. Dit veroorsaak dat ons getuienis vrymoedig en liefdevol is en dit trek die aandag van ongelowiges.

3. Die Christen se deernis met die wêreld

Ons bevestig die groot nood vir Christene wat met deernis geklee moet wees om in die Naam van Christus op te tree te midde van armoede, siekte, ongeregtigheid en alle vorme van menslike ellende. Ons is besorgd daaroor dat miljoene mense op aarde in die uiterste armoede leef. In ons roeping om met deernis vir die wêreld beklee te wees, moet ons die pad met die armes loop en só die herskeppende genade van God oordra. Dit moet getuig van ‘n geestelike ingesteldheid wat ons in staat stel om in ’n gemeenskap wat in ellende verkeer, te dien - nie as redders nie, maar as dienaars van Christus, die Redder.

4. Die gedaanteverandering van die menslike samelewing

Ons verstaan onder die gedaanteverandering van ’n samelewing dat dit ’n allesomvattende omkeer is van die gevolge wat sonde oor die hele aarde laat kom het; sonde wat man en vrou van God, van homself, van ander mense, van die omgewing en van die herstel van God se orde, vervreem het. Dit is God se wil dat alle mense draers van sy beeld moet wees. Hierdie taak begin reeds in hierdie lewe, maar dit sal slegs voltooi word met die glorieryke wederkoms van Christus. Die doel is die herskepping van die sondige kultuur en samelewing waarin ons ons bevind, en om ‘n nuwe kultuur en samelewing daar te stel wat volgens die aard van die koninkryk van God is, en wat in beginsel reeds deur Christus gekom het.

XI. Die wet en etiek

1. Die natuurlike wet

Die wet van God is die uitdrukking van sy liefde en sy regverdige voorskrifte vir die mensdom. Met die skepping was dit in die mens se hart geskryf en ten spyte van hulle sondeval, het hulle tog deur hulle gewete ’n besef hiervan. In Eden het God sy wil ook hoorbaar aan die mens geopenbaar, met die opdrag dat hulle nie van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad mag eet nie.

2. Die wet van Moses

Die wet van Moses het seremoniële elemente bevat wat voorafskaduwings was van die persoon en die werk van Christus, asook van die lewe van sy kerk. Dit is nou vervul. Die wet het ook geregtelike elemente bevat wat die burgerlike lewe van Israel gereël het. Dit het regsbeginsels voorsien wat in die lewe en wette van alle nasies weerspieël behoort te word. Die morele elemente van die wet is steeds van toepassing vir ‘n Godgerigte lewe. Die wet van God maak sondaars bewus van hulle

sonde en rig hulle na Christus as die enigste Verlosser. Die wet dien bowendien as ‘n rigsnoer vir die beteueling van sonde in die samelewing. Dit is ook ‘n rigsnoer vir Christene op weg na vernuwing na die beeld van Christus, omdat dit die sonde wat gehaat moet word, en die regverdigheid wat gesoek moet word, openbaar.

3. Christus as vervulling van die wet

Christus het die vereistes van die wet vervul en het sodoende die vloek vir sy uitverkore kinders gedra. Dié wat tot geloof in Christus gebring word, betuig hulle liefde vir die Here deur sy gebooie deur die krag van die Heilige Gees, te gehoorsaam.

4. Huweliks- en seksuele etiek

Die huwelik as heteroseksuele monogamie is deur God ingestel. Man en vrou verlaat hulle eie families en kleef mekaar aan in ‘n lewenslange verbintenis. Seksuele begeertes moet binne hierdie verbintenis bevredig word. Kinders wat binne só ‘n verbintenis gebore word, moet versorg en opgevoed word in die Christelike kennis en praktyk. As gevolg van die mens se sonde, bestaan daar afwykings van hierdie model. Die Bybel verbied seksuele verhoudings buite die eg en so ook homoseksuele verbintenisse. Die ontbinding van die huwelik is toelaatbaar as owerspel plaasgevind het, of as ‘n ongelowige sy of haar Christen-eggenoot onherroeplik verlaat. Die man word in die Bybel beskryf as *hoof* van die vrou, soos Christus die *Hoof* van die mens is, en soos God die *Hoof* van Christus is. Hierdie hoofskap word in die gesin en in die kerk deur liefde betoon - soos Christus sy kerk liefhet.

5. G**esinsbeplanning**

Gesinsbeplanning is aanvaarbaar, maar as voorbehoeding na bevrugting of deur aborsie plaasvind, is dit in werklikheid die vernietiging van ‘n nuwe lewe. Vir getroude egpare wat probleme met bevrugting ondervind is *in vitro*-bevrugting ‘n moontlike keuse, alhoewel ‘n skenkersperm of surrogaatmoederskap nie moontlike keuses is nie, aangesien, hoewel dit medies moontlik is, dit inbreuk maak op die huweliksverhouding. Proefnemings met menslike embrio’s is die vernietiging van ’n menslike lewe. Proefnemings met volwassenes is ook vernietigend en mag aanleiding gee tot siektes, ongeskiktheid en selfs die dood. Hoewel kloning van mense (somatiese selkern-oordrag) tegnologies moontlik is, pas nóg reproduktiewe, nóg terapeutiese kloning die Bybelse model waarin geslagsgemeenskap en voortplanting deel vorm van die verbondsverhouding van die huwelik. Menslike wetenskaplike ontdekkings - hoewel intrinsiek goed - kan lei tot miskenning van God se morele lewensorde. Lewe en die vermoë om kinders voort te bring, moet as gawes van God gesien word. Dit word in sy soewereiniteit geskenk.

6. Die verlenging van lewe

Die mens se liggaam is onderworpe aan baie siektes, en die moderne mediese wetenskap kan bydra deur die gepaste behandeling daarvan, deur operasies en mediese verdowingsmiddels. Orgaanoorplantings is ’n wetlike uitbreiding van sodanige mediese ingrypings om siektes te genees of om ‘n lewe te verleng.

7. Die beëindiging van lewe

Net soos die skepping van ‘n nuwe mens die handeling van God is, net so is dit Hy wat die einde van ‘n mens se lewe bepaal. Die ontstaan en die beëindiging van ‘n mens se lewe, staan onder God se soewereine wil. Alhoewel verdowingsmiddels gebruik mag word om pyn te verlig, mag dit nie gebruik word om ‘n mens se lewe te beëindig nie. Dit mag ook nie vir individuele genot aangewend word of om ekstrasensoriese toestande te bewerkstellig nie. Hoewel die moderne tegnologie iemand in staat kan stel om kunsmatig aan die lewe te bly, is dit nie verkeerd om die toerusting af te skakel, indien daar geen teken van breinaktiwiteit is nie.

XII Eskatologie

1. Die ewige raadsplan van God

Aan die begin was daar ‘n belofte wat na Adam se proeftydperk in vervulling sou gaan, naamlik God se Sabbatsrus en die ewige lewe. Die hele skepping was in afwagting dat God alles wat Hy aanvanklik goed gemaak het, sou vervolmaak. Paulus het die opstanding (of herskepping) van die laaste Adam gesien as die vervulling van die eerste Adam voor die sondeval. Die verlossingsgeskiedenis toon God se reddingsplan wat uitloop op die lewe en dood van die Verlosser. Dit gaan dan verder om die redding na die nasies toe te bring, asook die eskatologiese herskepping van hemel en aarde. Vandag ervaar dié wat reeds met Christus verenig is, die krag van die toekomstige wêreld deur die Heilige Gees wat in hulle woon. Hoewel hulle die dood sal ervaar, het hulle reeds ‘n voorsmaak van die komende opstanding.

2. Die toestand van die ontslapenes

Die siel van die mens keer onmiddellik na die dood terug na God toe, terwyl hulle liggame vergaan. Hulle verkeer nie in ‘n staat van slaap nie. Die siele van die wat gered is, betree ‘n toestand van volmaakte heiligheid en vreugde in die teenwoordigheid van God, waar saam met Christus geheers word en die opstanding afgewag word. Hierdie vreugde word nie deur hulle herinnering aan die aardse lewe belemmer nie, aangesien hulle nou alles in die lig van God se volmaakte wil en raadsplan sien. Hulle saligheid en redding bestaan slegs deur die genade van God. Hulle het geen mag om vir die lewendes in te tree, of as middelaar tussen hulle en God op te tree nie. Die siele van die wat verlore gaan, word nie deur die dood vernietig nie, maar verkeer in ‘n staat van lyding en duisternis, weg van God se teenwoordigheid af, terwyl hulle die oordeelsdag afwag. Buiten hierdie twee toestande, is daar geen ander nadoodse sieletoestand nie. Nie die siele van die verlostes, of dié van die verlorenes, kan na die land van die lewendes ná die dood, terugkeer nie. Alle belewenisse van ontliggaamde siele bestaan slegs in die verbeelding van mense, of deur die werking van bose geeste.

3. Die wederkoms van Christus

Die opstanding van Christus, gevolg deur die uitstorting van die Heilige Gees, het die nuwe era waarvan die Skrif praat, ingelei. Die Skrif noem dit die *laaste dae*. Die Christen leef nou in die semi-

eskatologiese werklikheid van Christus se werk wat *reeds* voltooi is, en die *nog nie* rakende die toekomstige bedeling. Eendag sal Christus weer op ‘n sigbare wyse met sy verheerlikte, opgestane liggaam na die aarde toe terugkom. Die hele wêreld sal Hom sien. Hy sal met mag saam met die heiliges en sy engele terugkeer om alle mense te oordeel en om God se koninkryk tot voltooiing te bring. Die Skrif maan ons ernstig om gereed te wees vir Christus se wederkoms; dog, geen tyd of tekens word gegee wanneer dit sal gebeur nie. Christus se wederkoms bly die hoogste verwagting van elke Christen. Die Kerk word aangemoedig om daarvoor te bid en om daartoe bespoedigend mee te werk deur die evangelie aan die hele wêreld te verkondig.

4. Die opwekking van die dooies

Die dooies wat aan Christus behoort, sal deur sy mag opgewek word. Die opgewektes se liggame sal net soos syne wees en geskik gemaak word om ewig in gemeenskap met God en in ewige vreugde te verkeer. Dié wat verlore gaan, sal ook opgewek word. Hulle word opgewek vir die oordeel en vir die ewige straf. Hierdie lot moet ons van angs laat bewe en ons besiel om die evangelie van God se genadige verlossing aan alle nasies te verkondig. Die persoonlike identiteit van dié wat gered is en dié wat verlore is, sal dieselfde wees as wat dit op aarde was, maar hulle liggame sal, wat materie en eienskappe betref, omvorm word.

5. Die laaste oordeel

Christus sal na hierdie wêreld toe terugkeer as die Regter daarvan, omdat Hy die Seun van die mens is en die Koning is wat ewig daaroor regeer. Hy sal die lewendes en die dooies in geregtigheid oordeel en geen partydigheid of begunstiging toon nie. Die uitverkorenes sal regverdig verklaar word op grond van Christus se sterwe en opstanding vir hulle, en hulle sal uitgenooi word om sy ewige koninkryk in te gaan. Die goddeloses en die verworpenes sal regverdig veroordeel word vir hulle sonde en hulle ongeregtigheid, en saam met Satan en die bose geeste uit sy teenwoordigheid uitgedryf word. Intussen moet Christene elke wettige poging om geregtigheid na hierdie wêreld toe te bring, ondersteun, wetende dat die volkome en volmaakte oordeel aan die einde van tyd sal plaasvind. In verband met die beloofde belonings vir Christus se kinders, sê die Skrif baie min, maar openbaar tog genoeg om ons verder aan te spoor tot gehoorsaamheid en getrouheid.

6. Die duisendjarige vrederyk

Die tyd tussen Christus se verheerliking met hemelvaart en sy wederkoms, dit wil sê, die huidige tydvak waarin die blye nuus van die evangelie en die seën daarvan aan die nasies verkondig word, word deur die grootste deel van die Kerk gesien as die duisendjarige vrederyk, waarna die Skrif verwys. ‘n Gedeelte van die Kerk verstaan dit letterlik, waarvolgens Christus vir ‘n duisend jaar na sy wederkoms, oor die aarde sal regeer. Die teenswoordige tyd ly nog onder die gevolge van die mens se sonde, opstand en die mag van Satan. Totdat Christus in heerlikheid terugkeer, sal die koninkryk van Christus op aarde bly kom, maar ook manifestasies van die bose.

7. Die nuwe skepping

Na die wederkoms van Christus sal God die fisiese heelal herskep. Sy opgestane kinders, wat met onsterflikheid en volmaaktheid beklee is, sal vir ewig onder Christus se heerskappy op hierdie nuwe hemel en nuwe aarde woon.

8. Verskillende interpretasies van eskatologiese sake

Christene stem saam oor die belangrikste gebeure van die laaste dae, maar nie altyd oor die volgorde en aard daarvan nie. Sake rondom die laaste dae moet in nederigheid bespreek word, terwyl deurentyd onthou moet word dat profesieë eers ná die vervulling daarvan ten volle deur God se volk verstaan sal word.